Verootmoedigings gebed

G. J. du Preez 072 1876 076

1259.

Gebed tot VADER oor die herstel van Yashar'EL

"O"VADER, grote en gedugte Heerser van die hemele, wat die verbond en U goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou op aarde. In verootmoediging bring ons U eens uitverkore ons verootmoediging. Laat U oor tog opmerksaam en U oë oop wees, om te luister na die gebed van U volk wat vandag voor U aangesig deur die geloof plaas. Ja Yashar'EL dié verstrooide volk anderkant die riviere van Kus "Suid Afrika" U knegte, 'o' YAHUAH. So het ons en ons voorvaders ook gruwelik teen U gerebelleer. Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U. Ons het die gebooie, insettinge en verordeninge wat U aan Moses "U kneg" beveel het nie gehou nie. Ons het U aangesien en verkleineer as 'n "drie enige Magtige" en weet dit was verkeerd. Ons erken U nou as dié VADER, dié Oue van Dae. U is die Almagtige EEN oor alle geeste. Ons het U in Baäl name aangespreek en weet nou dat dit U toornig maak. Ons voorvaders wou 'n aardse heerser gehad het soos die heidene wat U ontstig.

Ons het tot oortredings besef gekom. Dink tog aan die woord wat U aan Moses 'U kneg' beveel het naamlik: As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, maar as julle jul tot MY bekeer en MY gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek julle daarvandaan versamel en julle bring na die plek wat Ek verkies het om My Naam daar te laat woon.

Ons is skuldig aan oortredinge 'VADER' gruwelik het ons oortree; Verkeerd het ons gedoen; Boos het ons gehandel; In opstand het ons gekom; Van U Gebooie en Verordeninge het ons afgewyk; Ons was halsstarrig en nie geluister na U knegte wat in U Naam gespreek het tot ons en ons vaders nie; So het 'n groot deel van U volk van die land oortree. Aan U "o" VADER, kom die eer en geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is; Ja, die wat naby en die wat vêr is in al die lande waarheen U hulle verdryf het oor hulle ontrouheid wat hulle teen U begaan het. VADER aan ons kom toe beskaming van die aangesig; Aan ons owerstes en aan ons vaders omdat ons U Wette geminag het. Ons vra met smeking o VADER U Seun YAHUAH wie U spoedig as Regter, Heerser en Koning op aarde moet kom vestig. By U "onse VADER" is barmhartigheid en vergewing. Ons het teen U en U Seun opgestaan en na die stem van YAHUSHA U "Gesalfde Nasaréner" nie geluister om te wandel in U Wette wat U ons deur die diens van U knegte, die profete, voorgehou het nie. Maar die hele Yashar'EL het U Wet oortree en afgewyk deurdat hulle nie na YAHUSHA geluister het nie. Hulle het 'n aardse heersers gesoek en U teleur-gestel daarom is die vloek en die eed om te vernietig oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, U kneg. Ons het teen U "o" VADER en U Seun YAHUSHA Wetsoortreders geword. Daarom soos in die Wet van Moses geskrywe is dat al hierdie ongunstig hede oor ons sal kom. Ons het U aangesig "o" VADER" nie om U guns gesmeek deur ons te bekeer van ons wetteloosheid in soveel ongeregtighede nie, en blind geword vir U Waarheid.

Met diepe ootmoed staan ons voor U ‘o’ VADER. Met smeekgebed vra ons U Seun dat Hy Sy ereplek sal kom inneem; Dat YAHUSHA U Gesalfde sal terug kom as YAHUAH ons Koning. Dat Hy ons ewiglik sal kom heers en dat Hy op Sy Troon kan kom sit om oor ons te kan kom regeer. U was wakker oor die onreinheid, om dit oor ons te bring; U onse VADER is regverdig by al U werke wat U doen, maar ons het nie na YAHUSHA se stem geluister nie.
O VADER, ons smeek en pleit by U om ons gebed te verhoor; Laat vir U ‘n nageslag in hierdie deel van Afrika. Moenie dié Yashar’EL “U uitverkore” vernietig uit die stuk aarde wat U aan hulle toegestaan het en sonder inwoners nie. O VADER, laat tog volgens al U geregtigheid, U toorn, en U grimmigheid versag teenoor Yashar’EL U gewyde afgesonderde volk. Ons wat tot erkenning van oortredinge van ons vaders ingesien het; Die Nasaréners wat ‘n voorwerp van versmading en veragting vir die wêreld geword het. Die teenstanders verbly hulle in ons smaad, hulle vra:
Waar is jul sogenaamde “Magtige Heerser” wat sal help? Merk tog op dat Ha satans werkers en handlangers ons wil vernietig!
Hoor dan nou onse VADER na die gebed van U knegte en na hulle smekinge, en laat ter wille van U Seun YAHUSHA U aangesig skyn oor U gewyde afgesonderdes; Ons bekeer en verootmoedig O VADER. Neig U oor na ons belydenis en open U oë en aanskou ons verwoeste plekke en al die baie moorde, verkragtings en wetteloosheid. U eens ongehoorsame volk wie U Naam oor uitroep was.
Nie op grond van ons geregtigheid werp ons, ons smekinge voor U aangesig neer nie, maar op grond van U grote Naam wie ons geminag het.
U Seun ‘ons Meester’ het U woord vir ons deur-gegee; Ons het dit deur die eeue geminag; U het ons aan ons slegte gesindheid oorgegee, en waardeur die wêreld U uitverkorenes haat en uitmoor. Dink daaraan dat dit U wil was dat U volk nie aan die wêreld verbonde of gelyk moes wees nie; Dat U Seun heengegaan het om vir U getroues ‘n plek in U hemel te berei, want Hyself gesê het: In die huis van My VADER is daar baie wonings.

Daarom kom ons in verootmoediging en pleit in smeking vandag voor U, o VADER dat U, U volk sal aansien. Ons is in nood daarom met groot begeerte smeek ons dat U ons gebed sal verhoor.

VADER hoor, VADER vergeef, VADER merk op en doen dit, VADER vertoef tog nie om U grote Naam ontwil. U dié Almagtige wat U Seun YAHUSHA eens gestuur het en nou weer moet stuur in U Naam. Die grote Naam wat ons geminag het wat oor U volk uitgeroep was. Kom Seun van VADER, “YAHUAH” Ewig – Lewende Magtige en werp die aards heersers met hulle trone in die buitenste duisternis. Ons soek nie meer aardse leiers nie, maar U, o Seun van die Allerhoogste. ‘n Uitroep na U o mees Getroue, Gewyde, Majestueuse, Magtige, Liefdevolle, Barmhartige, Regverdige en Ewig – lewende

HalleluYAH